

TAAK 5: BEVOLKINGSGROEI (BL.166-175)



1. Gee TWEE voorbeelde van elk:

a) Bevolking se insette.

- ✓ Geboortes
- ✓ Immigrante

b) Bevolking se deursette.

- ✓ Natuurlike verandering
- ✓ Migrasie

c) Bevolking se uitsette.

- ✓ Sterftes
- ✓ Emigrante

2. Wat is natuurlijke aanwas?

Natuurlijke aanwas is die verschil tussen geboortes en sterftes.

3. Wat is migrasie?

Migrasie is die verskuiwing van mense van een plek na 'n ander.

4. Waar vind die wêreld se vinnigste bevolkingsgroei plaas?

In onlangse tye het die vinnigste bevolkingsgroei plaasgevind in die wêreld se armer, ekonomies minder ontwikkelde lande.

5. Wat beïnvloed die bevolkingsgroeï in veral ontwikkelende lande?

MIV en vigs sal bevolkingsgroeï veral in die ontwikkelende lande beïnvloed.

6. In die ontwikkelende wêreld, waar die bevolkingsgroei besig is om te verlangsaam en selfs af te neem, styg die gemiddelde ouderdom. Wat het dit tot gevolg?

Dit beteken dat die ekonomies bedrywige mense in die ontwikkelde wêreld nie net hulself nie, maar ook 'n toenemende aantal bejaarde mense moet onderhou.

7. Figuur 149

Gebruik die inligting in Figuur 149 om hierdie tabel te voltooi:

Jaar	Bevolking in die ontwikkelende gebied.	Bevolking in die industrialiseerde gebiede.
1900	0,5 biljoen	0,3 biljoen
2000	6,2 biljoen	2,2 biljoen
2050 (geskat)	9,5 biljoen	1,0 biljoen

8.1 Waaruit bestaan die data van die demografiese oorgangsmodel?

Die data om die model te ontwikkel, kom van die inligting oor die geboorte- en sterftesyfers in Engeland en baie ander ontwikkelde nasies.

8.2 Waarvoor kan die demografiese oorgangsmodel nie gebruik word nie?

Die demografiese oorgangsmodel is 'n algemene model wat nie gebruik kan word om die toekoms te voorspel nie, omdat ander invloede bevolkingspatrone kan beïnvloed.

8.3 Noem die vyf stadiums van die demografiese siklus?

- STADIUM 1: Geboorte- sowel as sterftesyfers is hoog en daar is relatief min natuurlike aanwas.
- STADIUM 2: Die sterftesyfer daal maar die geboortesyfer bly relatief hoog.
- STADIUM 3: Die sterftesyfers bly dieselfde en die geboortesyfers daal.
- STADIUM 4: Die geboorte- sowel as die sterftesyfer is laag.
- STADIUM 5: In die ontwikkelde gebiede van die wêreld het die vrugbaarheidsyfer oor die algemeen selfs verder gedaal

9. Wat is 'n bevolkingsontploffing?

'n Baie vinnige toename in die wêreld se bevolking staan bekend as 'n bevolkingsontploffing.

10. Wanneer sê ons daar is 'n oorbevolking in 'n gebied?

Ons sê daar is 'n oorbevolking in 'n gebied wanneer die toename in die bevolking lei tot 'n ernstige verlaging van lewenstandaarde in die gebied.

11. Noem die faktore wat 'n bevolkingsontploffing veroorsaak.

- ⦿ Groot verbeteringe in tegnologie en voedselproduksie.
- ⦿ Die sterftesyfers van die meeste gebiede het verlaag as gevolg van verbeteringe in mediese sorg.

12. Noem die gevolge van 'n bevolkingsontploffing.

- ⦿ Daar sal nie genoeg voedsel en spasie wees vir die aantal mense nie.
- ⦿ Regerings sal die aantal fasiliteite moet verdubbel en dit kan 'n groot las op die ekonomie van die land plaas.

13.1 Verduidelik die verwantskap tussen bevolking en hulpbronne.

'n Toename in bevolking lei tot 'n toename in die gebruik van natuurlike hulpbronne, dus sal natuurlike hulpbronne mettertyd uitgeput raak. Hulpbronne moet volhoubaar gebruik word omdat dit lank neem om aangevul te raak.

13.2 Wat kan gebeur met die wêreld se hulpbronne indien die bevolkings aanhou vermeerder teen hul huidige koers? (Verwys na hulpbronne soos voedsel, water, behuising, gesondheidsorg en onderwys.)

Voedseltekorte kan ondervind word aangesien vrugbare grond sal verminder. Die beskikbaarheid van water kan bedreig word weens oorgebruik en di feit dat die waterkringloop nie genoeg tyd het om homself aan te vul nie. Daar sal dalk nie genoeg huise wees nie omdat die aanvraag te groot is. Gesondheidsorg en opvoeding sal onvoldoende wees omdat die bevolking te groot is om dienste voor te verskaf.

14. Beantwoord die volgende vrae deur die korrekte opsie uit die vier keuses te kies:

14.1 'n Gebied wat beter sal vaar met minder mense, is:

- A Ylbevolk
- B Onderbevolk
- C Oorbevolk
- D Digbevolk

14.2 Die lande met die grootste totale bevolkings sluit in:

- i) China
- ii) Indië
- iii) USSR
- iv) VSA

14.3 Watter van die volgende is nie 'n manier om die probleem van oorbevolking op te los nie?

- A Laat migrasie uit die gebied toe of moedig dit aan.
- B Besnoei op ekonomiese ontwikkeling.
- C Belê in nuwe nywerhede en werk.
- D Brei landloop uit of vermeerder dit.

14.4 Bestudeer Figuur A en beantwoord die vrae wat volg:

a) Watter land het tans die hoogste bevolking?

China

b) Wat is die groote van Indië se bevolking tans?

1,3 biljoen

c) Watter land sal na 2030 die grootste bevolking hê?

Indië

d) Waarom dink j sal die een land die ander in bevolkingsgrootte oortref?

China het 'n bevolkingsbeleid van 'een kind per gesin' geïmplementeer.

e) Dink jy dit is nodig om die bevolkingsgrootte van 'n land te probeer beheer?

⦿ Positiewe respons:

Om 'n kwaliteitlewe vir almal te voorsien en hulpbronne vir toekomstige generasies te bewaar.

⦿ Negatiewe respons:

Die bestuur van bevolkingsgrootte kan tot die beheer van mense se oortuigings en kulturele stelsels lei.

f) Gee redes vir jou antwoord op (e).

(e)

g) Op ongeveer watter inkomste vlak sal Asië teen 2050 wees?

Op ongeveer die middelinkomstevlak.

h) Op watter kontinent woon jy?

Afrika

i) Op watter inkomstevlak sal jy wil hê jou land se mense moet teen 2050 wees en hoekom?

Lae inkomsteverbruikersvlak.

- ⦿ Dit sal tot volhoubare ontwikkelings lei.
- ⦿ Hulpbronne sal tyd kry om te herstel.
- ⦿ Lewensgehalte sal verhoog.
- ⦿ Die omgewing sal tot 'n groot mate in ag geneem word.